

EK IS VERKRAG: WAT NOU? 'n Gids vir persone wat 'n verkragting beleef het.

Ontvangs

Slagoffers van geslagsmisdrywe mag nie van die fasiliteit weggestuur word nie.
Die polisie open 'n saak by die fasiliteit.
Daar is geen verskil in die prosedures en regte as 'n saak nie geopen word nie.
Open 'n lêer; vra hulp indien nodig.

Wat word as 'n noodgeval beskou?

Verkragtingsgevalle wat binne 72 uur aanmeld, word beskou as medies-geregtelike noodgevalle. Wanneer aanmelding later as 72 uur na voorval gedoen word, sal 'n afspraak gemaak word.

Wat kan ek verwag in die wagperiode?

Verkragtingslagoffers wag in 'n privaatarea. Daar mag geen kontak met enigiens verdagtes wees nie.

Wat is die aard van dringende behandeling?

Ernstige beserings moet onverwyld behandel word. Ernstige mediese probleme moet aandag geniet. Voorkomingsbehandeling teen MIV moet so gou moontlik begin word.

Wat moet gerapporteer word gedurende die wagtydperk?

Braking na toediening van medikasie.
Wanneer urinering nie uitgestel kan word nie.

Moenie:

Urineer nie; as dit nie verhoed kan word nie, verskaf 'n monster vir toksikologie soos aangedui en hou die sneespapier waarmee die genitalieë afgevee word.
'n Skoon broekie aantrek nie; daar mag bewysstukke op 'n broekie wees.
Klere afborsel of op enige manier skoonmaak nie.
Die liggaam skoonmaak nie.
Enige vreemde materiaal op die liggaam of klere, weggooi nie.
Sanitêre doekies, babadoeke, tamponne, kondome, of materiaal waarmee genitalieë afgevee is, vernietig nie.
Hande was of naels skoonmaak nie.
Genitalieë was nie.
Areas wat gesoen, gelek, gebyt of gesuig is, skoonmaak nie.
Areas wat met liggaamsvloei-stowwe in kontak was, skoonmaak nie.
Hare kam of saamgekoekte hare loswoel nie.
Vlekke verwyder nie.
Tande borsel nie.
Iets eet of drink nie.

Wat moet gerapporteer word gedurende die wagtydperk?

Braking na toediening van medikasie.
Wanneer urinering nie uitgestel kan word nie.

Water vrae gaan aan my gestel word?

Gesondheidstatus en inligting oor die tydperk voor die misdryf.
Besonderhede van die voorval.
Wat na die voorval gebeur het.
Uiters persoonlike inligting; ek het 'n keuse wat met die inligting gedoen word en of ek die vrae wil beantwoord.

Waarvoor moet toestemming verleen word?

Behandeling.
Geskiedenis.
Ondersoek.
Versameling van monsters.
Ondersoeke op die monsters.
Die neem van foto's.
Dokumentasie van bevindinge.
Aan wie die inligting bekend gemaak word.
Die uitvoer van 'n MIV-toets.
Die uitvoer van 'n swangerskapstoets.
Verwysings.

Meer oor MIV-voorkoming

Die behandeling moet binne 72 uur begin word; hoe gouer, hoe beter.
Die MIV-toets moet binne 3 dae gedoen word of soos gereël met gesondheidswerker.
'n ARV-kursus word voorgeskryf vir 28 dae en moet getrou geneem word.
Nuwe-effekte mag voorkom: naarheid en braking, griepsimptome, moegheid.
Die behandeling is nie bewys onskadelik te wees in 'n swangerskap nie.
Die voorkoming van MIV kan nie gewaarborg word nie.
Geen onbeskermd geslagsgemeenskap of orgaanskenking vir 6 maande nie.
Doen MIV-toetsing tot 6 maande na die voorval.

Wat behels die ondersoek?

'n Kop-tot-tone, voor- en agterkant-ondersoek.
Die anus en genitalieë sal ondersoek word.
In gevalle wat binne 72 uur aangemeld word sal:

- monsters geneem word van areas waar bewysstukke gevind mag word
- 'n bewysstukstel saamgestel word
- die verseëlde bewysstukstel aan die ondersoekbeampte oorhandig of veilig bewaar word vir 'n maand sodat die pasiënt die opening van 'n saak kan heroorweeg.

'n Vergrootlens (kolposkoop) mag gebruik word om die beeld te verbeter en ook om foto's te neem.
'n Kleurstof mag gebruik word om beseerde weefsel te kleur en besering te bevestig.
Die pasiënt mag enige deel van die ondersoek weier.

Niks mag sonder toestemming gedoen word nie

Watter algemene reëls is op toestemming van toepassing?

Toestemming is slegs geldig as die aard daarvan verstaan word.
Toestemming mag teruggetrek of gedeeltelik teruggetrek word.
Toestemming mag nie deur dreigemente of onder dwang verkry word nie.

**Om onder die invloed van alkohol of dwelms te wees:
Verander nie die prosedure of wagtyd nie
Gee niemand die reg om misbruik te maak van iemand anders nie.**

Vorige seksuele geskiedenis word oor die algemeen nie in howe teen die slagoffer gebruik nie.

Emosionele sorg

Berading sal deur 'n opgeleide professionele persoon verskaf word.

Wat is die doel van die mediese ondersoek?

Om die gesondheidstatus vas te stel.
Om beserings op te spoor, te behandel en te dokumenteer.
Om voorwerpe of materiaal van die misdaadtoneel op te spoor.
Om DNS van die oortreder op die liggaam van die pasiënt op te spoor.
Om bewys van die gebruik van dwelms op te spoor indien van toepassing.

Waarom is opvolg noodsaaklik?

Om die volledige voorskrif uit te reik.
Om gevolge te diagnoseer en te behandel.
Om MIV-status op te volg.
Om seksueel-oordraagbare siektes te diagnoseer en te behandel.
Om moontlike swangerskappe te hanteer.
Om emosionele gesondheid te bevorder.
Om vrae van die pasiënt te behandel.

Mag die slagoffer die MIV-status van die oortreder aanvra?

Die ondersoekbeampte mag gevra word om die MIV-toetsing van die oortreder te versoek as:
'n Saak geopen is.
Die oortreder gevind kan word.
Die voorval nie meer as 90 dae tevore gebeur het nie.

Wat sal beskou word as bewysstukke?

Plantmateriaal
Grond
Vlekke
Speeksel
Semen
Ander bewysstukke wat die slagoffer kan verskaf.



health

Department of Health
FREE STATE PROVINCE